

Maandag

Deut. 6: 1-9; Mat. 4: 1-11; Open. 12: 17; 13: 8-18; 14:1. Teks 14:1 Toe het ek die Lam op Sionsberg sien staan en by Hom honderd vier en veertig duisend mense met sy Naam en sy Vader se Naam op hulle voorkoppe geskrywe. Tema: “Christus het ons gemerk. Daarom kan ons die merk van die Bose op predikante en pastore raaksien.” Behalwe vir openbare posisies en landswette, is daar nog ’n mag van die duiwel waardeur hy mense dwing om godloos te leef. Dit is valse godsdiens. Valse godsdiens is werklike boosheid. Valse godsdiens is die tipe geestelikheid of spiritualiteit wat uit die aarde uit opkom, die tipe geestelikheid wat mense graag wil hê. Johannes noem hierdie valse godsdiens of geestelikheid wat uit die aarde uit opkom, die ander dier. Die dier wat uit die aarde uit opkom, is die afgodsdienste van die wêreld. Afgodsdienste is dierlike godsdiens. Dierlike godsdiens is godsdiens waardeur mense God se goddelike naam, lewe, mag, krag en sy wil as hul eie naam, lewe, mag, krag en wil toeëien. Hierdie selfbemaagting van mense met en deur God se goddelikheid, is die dierlike geestelikheid van die aarde – afgodsdienste. Daarom is die werklike effektiewe mag van die boosheid nie toordokters, demone, geeste of hekse nie. Die mag van werklike boosheid is pastore, dominees, rabbi's en priesters. 2 Kor. 11: 13 tot 15. Die werklike bose mag van die duiwel is nie die gedroegkarakters op die rekenaarspeletjies met horings, sterte en groot kragte nie, wat baie keer voorgehou word as die duiwel en sy demone. Die werklik mag van boosheid is die duiwel wat vir jou ’n pastoor, ’n dominee of ’n priester stuur wat vir jou wys hoe om met godsdiens sonde te doen. Hy stuur mense wat lyk soos die engele van die lig! Preek beskikbaar op Google by ngkerklewub.co.za ds. Petrus

Dinsdag

Deut. 6: 1-9; Mat. 4: 1-11; Open. 12: 17; 13: 8-18; 14:1. Teks 14:1 Tema: “Christus het ons gemerk. Daarom kan ons die merk van die Bose op predikante en pastore raaksien. Die apostel Johannes wys vir ons hoe sien ’n mens wanneer is ’n pastoor of ’n dominee besig met dierlike godsdiens: “Hy het twee horings gehad soos ’n lam s’n, maar hy het gepraat soos ’n draak.” 13: 11. Hulle maak altyd asof hulle soos Jesus lyk, maar wanneer hulle preek hoor jy die duiwel praat! Hoe hoor ’n mens die duiwel praat? Dit is baie maklik. Kyk hoe praat hy met die Here in Matteus 4! Hy praat altyd met Bybelversies. Hy haal die Bybelvers Ps. 91:11 aan om Jesus te verlei om goddelike mag te demonstreer en om nie die geslagte Lam vir sondaars word nie. Dierlike pastore en dominees probeer mense met Bybelversies oortuig om goddelike krag en mag kan kry. Wat noem die Bybel hierdie goddelike kragte en magte wat mense wil hê? Dit is sonde! Die duiwel het al vir Adam en Eva gesê dat hulle net soos God kan wees: met al sy goddelike kennis, lewe, krag en mag. Die Lam leer ons dat Hy ons liefhet en maak dat ons Hom kan liefhê. Dierlike pastore en dominees wys met Bybelversies hoe om goddelike krag, lewe en mag te kry. Hulle probeer wys hulle lyk soos Jesus, die Lam, hulle praat so saggies en mooi soos Jesus, hulle is so liefies met jou soos Jesus, maar as hulle begin preek en praat, hoor jy die duiwel! Hulle gebruik Bybelversies soos Open 3:20 om jou te oortuig jy kan goddelike kragte, magte en lewe kry: “Jy moet jou lewe oopmaak sodat God met sy goddelike krag in

jou kan inkom sodat jy die goddelike krag kan te kry om mee te leef!” Wie die Lam se liefde ken, sien maklik hierdie dierlike pastore en dominees raak wat goddelik mag en krag preek. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus

Woensdag

Deut. 6: 1-9; Mat. 4: 1-11; Open. 12: 17; 13: 8-18; 14:1. Teks 14:1 Tema: “Christus het ons gemerk. Daarom kan ons die merk van die Bose op predikante en pastore raaksien. Dierlike pastore en dominees verplig mense om die merk van die dier uit die see te dra. Dit is die getal 666. Hulle merk is die teenoorgestelde van die merk wat gelowiges dra: die merk van die Vader en die Seun. Open.14:1. Hierdie merkteken van gelowiges word in Deut. 6: 1 – 9 beskryf. Die Here sê hier vir die Israeliete dat hulle binne sy liefde moet leef volgens die gebooie van die Here (vers 1) en dat die gebooie van die Here altyd in hulle gedagtes moet bly. (vers 6) Hierdie liefde in daad en gedagte word dan voorgestel as ’n herinneringsteken wat ons op ons hande moet vasbind en as ’n merk op ons voorkoppe moet dra. Die merkteken is dus dat ons daad en gedagtes die liefde vir God en ons naaste volgens God se gebooie moet wys. (Deut.6:5) In Openbaring 14 word hierdie merk wat ons volgens Deut. 6 dra, genoem die merk van die Vader en die Seun. Dit beteken hier dat ons lewe en gedagtes wys dat ons ingesluit is in die liefde van die Vader en die Seun, en Hulle liefhet volgens die Tien Gebooie. Die Vader en Seun se merk op ons daad en gedagtes wys daarin dat ons leef in die liefde waar die Seun vir ons gesterf het om al ons sondeskuld en oordeel weg te vat, en ons in die liefde van God die Vader in te sluit. Daarom wys ons gedrag en gedagtes dat ons nie skuldig en veroordeeld voor God leef nie. Ons gedrag en gedagtes wys dat ons sonder vrees die gebooie van God onderhou, want hierdie gebooie kan geen straf of oordeel oor ons as kinders van God die Vader en die Seun bring nie. Ons lewe wys dat ons liefde ken en met al ons daad en gedagtes met liefde besig is. Dit is ons merkteken as Christene. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus

Donderdag

Deut. 6: 1-9; Mat. 4: 1-11; Open. 12: 17; 13: 8-18; 14:1. Teks 14:1 Dierlike pastore en dominees verplig gelowiges om die getal van die dier uit die see te dra, 666. Wat is hierdie merk wat afgodsdienste mense verplig om te dra? Dit is eintlik baie eenvoudig. Johannes sê dat ’n mens wysheid nodig het om die betekenis van die getal te ontsyfer. Hierdie wysheid is nie misterieuse goddelike geheime nie. Hierdie wysheid is om te weet hoe dat die Jode die alfabet as syfers gebruik het. Hulle het nie ’n alfabet en syfers gehad nie. Die Hebreeuse alfabet soos a,b,c,d was terselfdertyd ook as syfers gebruik. So ’n a kon of a of 1 wees, b kan b of 2 wees en c kan c of drie wees. Wanneer jy dan die Griekse twee woorde “keiser Nero” met die Hebreeuse alfabet vervang, dan is die getalwaarde van die woorde “keiser Nero” – 666. Drie keer 6 het weer die simboliese waarde van amper soos God. Want die getal 7 is in die boek Openbaring die getal wat die volheid van God aandui. 1:20. 666 wys dan amper soos God die Vader, die Seun en die Gees. Die merk 666 op die hand en voorkop, wys simbolies dat mense met hul lewe en gedagtes besig is met

die goddelike mag van magtige mense. Hulle lewe en daad wys dat hulle voel, dink en glo hulle is alle ander mense se begin en einde, die eerste en laaste in alle mense se lewens. So! Die merk van die dier is om met jou lewenswyse en jou gedagtes altyd besig te wees met die goddelike krag en mag van die magtige mense. Dierlike pastore en dominees verplig mense om met hulle hele lewe en al hulle gedagtes te wys hulle is onderworpe aan goddelike mag, maar gelowiges se lewe en gedagtes werk altyd die teenoorgestelde: ons leef in God se liefde, nie onder sy mag nie, en is aan liefde toegewy. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus.

Vrydag

Deut. 6: 1-9; Mat. 4: 1-11; Open. 12: 17; 13: 8-18; 14:1. Teks 14:1 Open. 13 wys ons nog twee magte van dierlike pastore en predikante: wonderwerke en herlewing! Hierdie geestelikes skep en bedryf 'n hele wonderwerkbedryf sodat mense kan sien dat hulle besig is om die krag en mag van God vry te stel met hulle goddelike magsverklarings: Word gesond! Word bevry! Word ryk! Word vergewe! (Open. 13:13) Deuteronomium 13:1-5 wys dat met hierdie wonderwerkbedryf hulle mense van God se liefde in sy wet wil wegvoer na 'n geestelikheid van goddelike mag en krag. Dit is afgodsdienste. Die ander mag van dierlike geestelikes is herlewing. Johannes wys ons dat geestelike herlewings is hierdie dierlike pastore en predikante se manier om in die goddelose magsbeeld van die magtiges van hierdie wêreld lewe in te blaas 13:15 Dit doen hulle byvoorbeeld vandag met die #Imagine kampe wat oor die land vir kinders gehou word! Pastore en dominees blaas lewe in die nuwe magsbeeld "die nuwe nasie" deur 'n nuwe geestelike kerk te skep vir hierdie "nuwe nasie." – die nasiekerk vir die nuwe nasie in Suid Afrika! Die "nuwe nasie" is net 'n dooie magsbeeld, maar hulle blaas lewe in hierdie dooie magsbeeld deur vir kinders herlewingskampe te hou. Wat gebeur op hierdie herlewingskampe? Die pastore en dominees laat die kinders dans en rondspring op gospelmusiek en dan verklaar die sanger sommer dat hulle nou gedoop word in die krag van God! Hoekom? Sodat hierdie kinders nou met goddelike krag na hulle dorpe toe kan terug gaan om God se nuwe kragte en magte leiers te wees vir die nuwe nasie. Ons is gewas in die bloed van die Lam om sy kerk te wees wat Hom liefhet. Ons is nie die nuwe magtige nasiekerk vir die nasie nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus